

Geagte Mnr / Mev / Mej

NB: DIE AMPTELIKE HIGHVELD SINDIKASIE AKSIEGROEP (“HSAG”) KENNISGEWINGS IS DIE ENIGSTE AMPTELIKE INLIGTINGSBRONNE WAAR U AS BELEGGER INLIGTING KAN BEKOM OOR DIE HSAG EN NOOI ONS U UIT OM ONS WEBBLAD BY www.hsaction.co.za TE BESOEK. E-POSSE WORD OOK VAN TYD TOT TYD UITGESTUUR EN WORD U VERSOEK OM SEKER TE MAAK DAT U AANSOEKVORM TOT DIE HSAG KORREK VOLTOOI IS EN ONS OP HOOGTE TE HOU VAN ENIGE VERANDERINGE.

ADMINISTRATIEWE AFSNYDATUM VIR REGISTRASIE BY DIE HSAG

GELIEWE KENNIS TE NEEM dat 31 Maart 2017 om 24:00 die volgende administratiewe afsnydatum is vir enige laat-registrasies by die HSAG.

GELIEWE GEVOLGLIK VERDER seker te maak dat al u bydraes tot Registrasie- en Regskostes tot op datum vereffen is, ten einde te verseker dat u oor regsverteenwoordiging vir die HSAG aangeleenthede, hofsake en/of moontlike toekomstige skikking(s) beskik. Enige spesiale versoeke en navrae moet skriftelik gerig word aan hsagenquiries@gmail.com.

1. DIE HSAG KLAS-AKSIE

Twee dringende Aansoeke is deur die HSAG in die Hooggeregshof van Pretoria en Johannesburg uitgereik teen Mnr Georgiou en Orthotouch en Andere vir die onreëlmatige terugtrekking van die Sertifisering van die Klas-aksie (Pretoria) en die Tersydestelling van die Artikel 155 Reëlinskema (Johannesburg). Die eerste Aansoek (Pretoria) is op 3 Februarie 2017 aangehoor en ons wag tans op 'n beslissing van die Pretoriase Hooggeregshof. Die tweede Aansoek is op 3 Maart 2017 in Johannesburg aangehoor.

Die Johannesburgse Hooggeregshof het op 17 Maart 2017 in die guns van die HSAG teen Orthotouch, mnr Nic Georgiou en twee van sy entiteite met kostes beslis. Die Johannesburgse Hooggeregshof het beide aansoeke as dringend beskou weens die optrede van die HSAG Applikante en hul nuwe prokureurs en is die teenkant beveel om die kostes, insluitend kostes van die twee HSAG Advokate te betaal.

Die Aansoek vir die Tersydestelling van die Reëlinskema is herstel en die nuwe HSAG Applikante is formeel as Applikante in die Johannesburg-aangeleentheid gevoeg. Die regter het hom sterk uitgespreek teen die optrede van mnr Nic Georgiou en die voormalige applikante se nuwe prokureur, Jeff Donnenberg. Sien die hofuitspraak by www.hsaction.co.za asook 'n berig van Moneyweb onder *Media, Press releases and notices*.

Ons vertrou op 'n gunstige beslissing van die Pretoriase Hooggeregshof en sal die lede van die HSAG met ontvangs van die uitspraak inlig.

2. SKIKKINGSONDERHANDELINGE

Die aansoeke om met mnr Nic Georgiou/Orthotouch te skik het op versoek van mnr Nic Georgiou op 30 September 2016 gesluit. **Mnr Nic Georgiou het egter aangedui dat hy verdere aansoeke sal oorweeg en het met sodanige onderhandelinge voortgegaan met die HSAG-bestuurskomitee gedurende Februarie 2017. 'n Eerste vergadering was reeds in Januarie 2017 met Mnr Georgiou gehou en was 'n tweede vergadering in Februarie 2017 gehou.**

Mnr Nic Georgiou het tydens die laaste vergadering weer bevestig dat hy die skikkingsdokumente voor of op 31 Maart 2017 gaan onderteken en is 'n lokaal vir ondertekening reeds vir 30 en 31 Maart 2017 gereserveer. Eerste betalings sal binne 21 werksdae na ondertekening van die skikkingsdokumente gemaak word. Ten einde alle skikkingsdokumente voor te berei was die sluitingsdatum vir die laat-aansoeke om te skik vasgestel op 17 Maart 2017 en is dit ook so op die webtuiste aangedui. Geen verdere aansoeke word nou oorweeg nie.

3. KOSTE

Vanuit die staanspoor is HSAG-lede in kennis gestel dat, afhange van die aard en omvang van die saak asook die ondersteuning en samewerking deur voornemende HSAG-eisers, dit verwag kan word dat jaarlikse bydraes van die HSAG-lede aangevra moet word. Op hierdie stadium was daar slegs een opvraging van R1000 per sindikasie vir regskostes in die verband. Wat daarop neerkom dat die lede van die HSAG rofweg R1,00 per dag aan regskoste per sindikasie gekos het.

Ons verwag om teen April 2017 'n verdere opvraging vir administrasie- en regskostes te maak en is die voorneme dat sodanige koste vir 2017 per persoon/belegger gehef sal word en nie per sindikasie soos met die vorige opvraging nie, ten einde beleggers met meer as een sindikasie tegemoet te kom. U sal mettertyd verwittig word van die nuwe bydrae wat in 2017 gehef sal word.

Persone met totale eise van R20 000 of minder sal insgelyk tegemoet gekom word en sal gedurende 2017 geen bydrae tot administrasie- en regskostes hoef te betaal nie. Let wel dat die registrasie- en regskoste nie terugbetaalbaar is nie.

4. INDIVIDUELE EISE (HS21 – 22)

Indien daar beleggers is wat in Highveld Sindikasies 21 en 22 belê het en begerig is om op individuele basis regsaksie in te stel op grond van die terugkoop-ooreenkom, moet hulle ons dringend van hul individuele instruksies voorsien. Sodanige regstappe moet so spoedig moontlik aanhangig gemaak word. 'n Konsep-dagvaarding is reeds opgestel en word daar voorgestel dat verskillende Eisers (beleggers) in die dagvaarding gevoeg word.

Omdat dit individue is wat op hierdie wyse wil gedingvoer, sal die kostes uiteraard heelwat hoër wees as in die geval waar hulle onder die sambreel van die klas-aksie litigeer. Beleggers wat op hierdie basis wil ageer moet inaggenome die verskillende getal navrae bereid wees om 'n aanvangsdeposito aan Theron & Vennote Prokureurs te betaal asook 'n maandelikse debietorder te voltooi ten einde individuele dagvaarding teen Mnr Georgiou/Orthotouch uit te reik, welke prosedure so spoedig moontlik in aanvang sal neem. Afhangende van die getal individue wat hierdie opsie mag gebruik, kan die bedrae uiteindelik verskil. HS 20 en 21 beleggers moet spesifiek aandui indien hulle van hierdie opsie wou gebruik maak en sal individuele e-posse aan hulle uitgestuur word om die verlangde bedrae te kommunikeer.

5. BLAAS HIER DIE FLUITJIE OP VALS EN ONDERMYNENDE INLIGTING

Indien beleggers enige relevante of belangrike inligting rakende die HSAG of die klas-aksie wil bekend maak of dokumente aan ons wil stuur en sou verkies om anoniem te bly, kan hul van die e-pos adres hsagwhistle@gmail.com gebruik maak.

6. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE

Dit is van uiterste belang dat beleggers die korrekte e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) gebruik vir alle kommunikasie. Indien 'n belegger 'n e-pos na die verkeerde adres sou stuur kan dit daartoe lei dat daardie e-pos nie die nodige aandag geniet nie wat aanleiding sal gee tot vermorsing van tyd en koste.

Bestaande e-pos adresse is as volg:

- hsactiongroup@gmail.com en hsagenquiries@gmail.com vir alle navrae rakende die klas-aksie en skikkingsproses.
- hsagregister@gmail.com vir die registrasie van nuwe lede van die klas-aksie.
- hsagsettle@gmail.com vir alle skikkingsooreenkomste en verwante dokumentasie.
- hsagwhistle@gmail.com vir alle vertroulike inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word.

7. STAAT VIR DEELNAME AAN DIE HSAG

Vind asseblief hiertoe aangeheg u Staat vir u deelname aan die HSAG.

Let asseblief op die volgende:

1. Sedert begin Januarie 2016 het die HSAG begin om trustopvragings te doen vir 'n bydrae tot regskoste vir die Hooggeregshofsake en aanverwante aangeleenthede wat deur die HSAG gedryf word. Sodoende word die HSAG-lede se individuele regte en belange asook die HSAG-groepsregte en -belange beskerm. Hierdie bedrag behoort op u staat te reflekteer. Indien geen opvraging ten aansien van regskostes op u staat verskyn nie, beteken dit dat u waarskynlik in 'n groep val wat nog nie geprosesseer en/of geallokeer is nie, en sal dit op 'n latere staat verskyn. Die aangevraagde bedrag vir 2016-regskoste was R1 000,00 per sindikasie. 'n Eenmalige registrasiekoste per

sindikasie was ook gehef en sal ook op u staat verskyn. Let asseblief daarop dat die inligting op ons rekords verkry is vanaf aansoekvorms. Indien u aansoekvorm gevolglik foutief of onduidelik is, sal u moontlik geen state of e-posse ontvang nie.

2. Kliek asseblief op die skakel om na die "Customer Zone" te gaan waar u die opvragings vir registrasie-, regskostes en u betalings kan sien.
3. Weens aaneenlopende groot hoeveelheid navrae, registrasies, wysigings van persoonlike besonderhede en allokasies, is dit moontlik dat sommige betalings en/of registrasies nie op die aangehegte Staat sal verskyn nie, maar eers op 'n latere Staat. Maak asseblief seker dat u inligting korrek is.
4. Geoutomatiseerde state sal van tyd tot tyd (normaalweg maandeliks) uitgestuur word, maar u skakel na die "Customer Zone" sal deurentyd aktief bly en u kan ter enige tyd u betalings en transaksies daarop sien, soos wat dit geallokeer word.
5. Indien daar enige uitstaande bedrae is word u vriendelik versoek om dit so spoedig moontlik te betaal ten einde onnodige administrasie en/of verdere kostes te verhoed. Sodanige lede loop die gevaar dat hul lidmaatskap by die HSAG opgeskort word.
6. Registrasieheffings is betaalbaar op alle nuwe en agterstallige (90 dae en ouer) registrasies. Registrasiekoste beloop tans R1 500,00 per sindikasie en, indien latere registrasies toegelaat word, sal daar waarskynlik 'n verdere heffing vir registrasiekoste per sindikasie vir alle nuwe registrasies gehef word ten einde finansiële bydraes deur huidige HSAG-lede te verlig.
7. Ons bedank u vir u lojale ondersteuning waarsonder die HSAG klas-aksie nie moontlik sou wees nie. U kan verseker staatmaak op ons onverdeelde lojale ondersteuning van die HSAG-lede en geassosieerdes.
8. Enige navrae kan aan hsagenquiries@gmail.com gerig word.

Vriendelike groete

Theron en Vennote

Tel: (021) 887 7877

hsactiongroup@gmail.com